higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
NKR VLAK 2
(Tweede vraestel)

(4101042)

14 November 2023 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 1 addendum.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
NKR VLAK 4
(Tweede vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 60

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal vrae nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die vrae aandagtig deur.

2. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

4. AFDELING A: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK
   AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK
   AFDELING C: VISUELE TEKSTE

5. Jy moet beplan (bv. 'n breinkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die skryfstuk wees. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

6. Laat 'n reël oop ná elke antwoord.

7. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

8. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.

9. Beplan jou tyd.

10. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LANGER FUNKSIONELE SKRYFWERK

Kies EEN van die vrae uit AFDELING A. Die inhoud moet 120-150 woorde wees.

VRAAG 1: KLAGTEBRIEF

SITUASIE

Jy bly ver van die kollege af en daarom moet jy van die kollege se busdiens gebruik maak. Dié busdiens veroorsaak dat jy soggens meer as 'n uur laat by die kollege aankom. Dan loop jy dikwels die eerste lesing van die dag mis.

Dit het 'n negatiewe uitwerking op jou studies en jou verhouding met jou dosente.



[Bron: *vectorstock.com*, 2022]

OPDRAG

Skryf 'n brief aan die hoof van jou kollege waarin jy:

- jou ongelukkigheid oor die busdiens uitspreek; en
- vra dat daar dringend oplossings gevind moet word.

Hou die volgende in gedagte:

- Dit is 'n formele brief met 'n formele styl.
- Sê uitdruklik wat die probleem (dit wat jou pla) is.
- Maak aanbevelings oor hoe die probleem opgelos kan word.
- Sluit af met 'n welwillendheidsparagraaf.

[30]

OF

VRAAG 2: NAVRAAGBRIEF



[Bron:*Google.com, 2022*]

SITUASIE

Jy het studiegidse deur Takealot bestel. Toe jy dit ontvang, was dit die verkeerde studiegidse. Jy het dit teruggestuur, maar nog nie die regte studiegidse ontvang nie. Jy probeer hulle per telefoon kontak, maar jy kry net beloftes en niks gebeur verder nie.

Dis nou al 2 maande later en jy het die studiegidse nodig om vir die eksamen voor te berei.

OPDRAG

Skryf 'n brief aan die hoof van hulle kliëntediens waarin jy:

- jou saak duidelik stel; en
- navraag oor jou bestelling doen.

Onthou die volgende:

- Rig jou brief aan: Die Hoof van Kliëntediens, Takealot, Posbus 2345, Kaapstad 8000
- Dit is 'n formele brief.
- Sit die navraag logies uiteen – een gedagte per paragraaf:
  - Waaroor doen jy navraag?
  - Wat is jou situasie?
- Sluit af met 'n welwillendheidsparagraaf.

[30]

OF

VRAAG 3: NAVORSINGSVERSLAG

SITUASIE

Jy het besluit om navorsing te doen oor die rol wat musiek in kollegestudente se lewe speel. Jy voer onderhoude met 10 studente van jou kollege.



[Bron: *freepik.com*, 2022]

OPDRAG

Skryf 'n formele verslag waarin jy:

- duidelik uiteensit hoe jy te werk gegaan het om jou inligting te bekom; asook
- jou bevindings en gevolgtrekkings.

Gebruik die volgende formaat vir jou verslag:

- Titel van die verslag
- Inleiding (Wat het jou gemotiveer om die navorsing te doen?)
- Prosedure (Hoe het jy te werk gegaan om jou ondersoek te doen?)
- Bevindings
- Gevolgtrekking (Die uitwerking wat musiek op studente het)
- Aanbeveling
- Slot

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK

Kies EEN van die vrae uit AFDELING B en skryf 80–100 woorde daaroor.

VRAAG 4: BESKRYWING

SITUASIE

Jy glo dat dit belangrik is om 'n spesiale persoon in 'n mens se lewe te hê. Jy het so 'n spesiale persoon.

OPDRAG

Beskryf dié spesiale persoon wat 'n rol in jou lewe speel.



[Bron: *cutewallpaper.org,* 2022]

Volg hierdie proses vir jou skryfstuk:

- Titel: 'n Spesiale persoon
- Wie is die persoon en watter spesiale eienskappe het hierdie persoon?
- Waarom is die persoon so spesiaal vir jou?
- Let op jou sinskonstruksie, leestekens en spelling.

[20]

OF

VRAAG 5: INSTRUKSIES

SITUASIE

Julle gaan vir 'n week met vakansie. Jy het jou maat gevra om na julle huis, troeteldier en plante te kyk terwyl julle weg is. Hy of sy het duidelike instruksies nodig.

OPDRAG

Skryf ten minste VYF duidelike instruksies MET redes wat hy/sy moet volg.

Hou die volgende in gedagte:
- Instruksies kan in bevelvorm gegee word.
- Skryf in volsinne.
- Verwys na die huis, plante en troeteldier in die instruksies.
- Maak seker elke instruksie is relevant.

Jy kan van die woorde in die onderstaande blok gebruik om die instruksies te formuleer.

alarmstelsel; sleutels; vensters; gordyne; posbus; etenstyd; hondepille; voëlsaad; tuinslang; bure

[20]

OF

VRAAG 6: E-POS

SITUASIE

Jou dorp hou 'n talentfees. Bekende TV-aanbieders gaan die beoordelaars wees. Daar is goeie pryse op die spel. Deelnemers kan sing, dans, ensovoorts.



[Bron: *istockphoto.com*, 2022]

OPDRAG

Skryf 'n e-pos aan jou maat, wat in 'n ander dorp woon, waarin jy hom/haar uitnooi om aan die talentfees te kom deelneem. Gebruik die templaat in ADDENDUM A (aangeheg).

Sluit die volgende in:
- Waar en wanneer die talentfees gaan plaasvind
- Wie die beoordelaars is
- Vir watter kategorieë deelnemers kan inskryf
- Die doel van die talentfees

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: VISUELE TEKSTE

Kies EEN van die vrae uit AFDELING C waarvan die inhoud 30–50 woorde moet wees.

VRAAG 7: STROKIESPRENT

SITUASIE

Jevon en Darren voer 'n telefoongesprek.



[Uit: *Google.com*]

OPDRAG

Skryf NET die gespreksbeurte by raampie 2 en 3 neer

Sluit die volgende in:

- Darren se reaksie op Jevon se woorde in raampie 1.
- Jevon se woorde wat by raampie 1 pas.
- Hou Darren se reaksie in raampie 4 in gedagte.
- Skryf die gespreksbeurte in dialoogvorm.

[10]

OF

VRAAG 8: KLEINADVERTENSIE

SITUASIE

Jy is 'n student, wat 'n woonstel binne loopafstand van die kollege huur. Jy soek na 'n woonstelmaat wat die uitgawes met jou kan deel.



[Uit:*Photostockeditor.com*]

OPDRAG

Ontwerp 'n kleinadvertensie wat jy op die kennisgewingbord by jou kollege kan plak.

Onthou die volgende:

- Gebruik die ABBA-beginsel.
- Gee duidelike inligting oor die woonstel.
- Onthou volledige kontakbesonderhede.
- Gebruik verskillende lettertipes en -groottes.

[10]

OF

VRAAG 9: PLAKKAAT

SITUASIE

Daar is 'n musiekvertoning op julle dorp. Die organiseerders het jou gevra om 'n plakkaat te ontwerp om die inwoners van die dorp en omliggende dorpe na die vertoning uit te nooi.



[Uit: *Dreamstime.com*]

OPDRAG

Ontwerp 'n plakkaat wat jy oral in die buurt kan opplak wat mense na die musiekvertoning sal lok.

Onthou die volgende:

- 'n Plakkaat berus op die ABBA-beginsel.
- Verskaf die nodige besonderhede.
- Jou plakkaat moet eenvoudig en maklik verstaanbaar wees.
- Gebruik verskillende lettergroottes en -tipes

[10]

TOTAAL AFDELING C: 10
GROOTTOTAAL: 60

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |



Kopiereg voorbehou